22 April **Skrifgedeelte: Johannes 20:11-18**
Fokusgedeelte: Johannes 20:18

Onnodige trane

'n Mens kan Maria Magdalena se trane by die graf goed verstaan. Sy het so baie aan Jesus gehad en nou?? Sy vind egter dat niemand daar by die graf haar trane verstaan nie. Sy hoor twee maal die vraag: "Mevrou, waarom huil jy?" Ook nog: "Vir wie soek jy?" Ons en Maria leer twee dinge daar by die graf:

- Haar trane was inderwaarheid onverstaanbaar en onnodig. Die engele van God en die opgestane Here vra immers die vrae! Dit is absoluut geregverdig dat hulle die vrae stel! Aangesien die skuld betaal en die dood oorwin is, is dit eintlik nie meer nodig om so troosteloos soos iemand sonder hoop by die graf te huil nie (1 Tess 4:13)! Jy kan wel huil oor die afskeid, maar nie meer oor die dood self nie.
- Maria het ook geleer dat Jesus nie meer slegs by en vir húlle klein klompie daar sal wees nie. Hy vaar op na sy Vader, wat alle gelowiges se Vader is, na sy God wat God is vir almal wat aan Hom behoort! Hy sal op 'n ander manier by hulle kom bly, naamlik deur sy Heilige Gees (Joh 14:16).

Meteens verdwyn haar troostelose trane! Sy hardloop na die dissipels met trane van vreugde en met 'n boodskap: "Ek het die Here gesien!" Mag u trane van onkunde ook met hierdie vreugdetrane vervang word!

Sing: Skrifberyming 18-1:6 *Ds. Chris Hattingh (Randburg)*